Voorbeeld 25

Uitstaande skuld

Onica is insolvent verklaar. Mamelodi Handelaars ontvang 'n finale betaling van 20 sent in die rand van haar uitstaande skuld van R500. Die res van die bedrag moet as kredietverliese afgeskryf word.

Verlang

A Bepaal die bedrag wat as oninbaar/kredietverliese afgeskryf moet word.

B Bepaal die bedrag ontvang.

Oplossing

A Die kredietverliese is R400

B Die bedrag ontvang is R100

Totale skuld	=	100%	=	R500	=	500
Bedrag ontvang	=	20%	=	20/100 x 500	=	100
Kredietverliese	=	80%	=	80/100 x 500	=	400

Mamelodi Handelaars
Algemene grootboek

(Bate)	**Debiteurekontrole**		
Saldo	500	Bank	100
		Kredietverliese	400

(Bate)	**Bank**		
Debiteurekontrole	100		

(Uitgawe)	**Oninbare skulde/Kredietverliese**		
Debiteurekontrole	400		

Rekeningkundige vergelyking

Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Brondokument	Hulpjoernaal	B	E	L
Bank	Debiteurekontrole	Kwitansie	KOJ	+100 -100		
Kredietverliese	Debiteurekontrole	Joernaalomskrywing	AJ	-400	-400	

Voorbeeld 26

Bedrag ontvang

Onica is insolvent verklaar. Mamelodi Handelaars ontvang R500 as 'n finale betaling van 20 sent in die rand. Die res van die bedrag moet as kredietverliese afgeskryf word.

Verlang

1. Bepaal die bedrag wat as kredietverliese afgeskryf moet word.
2. Bepaal die bedrag waarmee Onica se rekening sal verminder.

Oplossing

1. Die kredietverliese is R2 000.
2. Die bedrag ontvang is R500.

Totale skuld	=	100%	=	100/20 x 500	=	2 500
Bedrag ontvang	=	20%	=	500	=	500
Kredietverliese	=	80%	=	80/20 x 500	=	2 000

Mamelodi Handelaars
Algemene grootboek

(Bate)	**Debiteurekontrole**		
Saldo	2 500	Bank	500
		Kredietverliese	2 000

(Bate)	**Bank**		
Debiteurekontrole	500		

(Uitgawe)	**Oninbare skuld**		
Debiteurekontrole	2 000		

Rekeningkundige vergelyking

Rekeninge gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bron-dokument	Hulpjoernaal	B	E	L
Bank	Debiteure-kontrole	Kwitansie	KOJ	+500 -500		
Kredietverliese	Debiteure-kontrole	Joernaal-omskrywing	AJ	-2 000	-2 000	

Voorbeeld 27

Celia is insolvent. Ontvang as 'n finale betaling 40 sent in die rand ter vereffening van 'n skuld van R500. Die res van die bedrag word afgeskryf.

Verlang

a Bepaal die bedrag wat as kredietverliese afgeskryf sal word.

b Bepaal die bedrag waarmee Onica se rekening sal verminder

Oplossing

a Die oninbare skulde/kredietverliese is R300.

b Die bedrag ontvang is R200.

Totale skuld	=	100%	=		500
Bedrag ontvang	=	40%	=	40/100 x 500	200
Kredietverliese	=	60%	=	60/100 x 500	300

Voorbeeld 28

Reik 'n kwitansie aan Spotty uit vir R80 vir die finale betaling 40 sent in die rand. Die res van die bedrag word afgeskryf.

Verlang

a Bepaal die bedrag wat as kredietverliese afgeskryf moet word

b Bepaal die bedrag waarmee Spotty se rekening sal verminder.

Oplossing

a Die kredietverliese is R120.

b Die bedrag waarmee die rekening verminder is R200.

Totale skuld	=	100%	=	100/40 x 80	200
Bedrag ontvang	=	40%	=		80
Kredietverliese	=	60%	=	60/40 x 80	120

Voorbeeld 29

Bedrag afgeskryf

R240 is van David se rekening as kredietverliese afgeskryf. 'n Finale betaling van 40 sent in die rand is vanaf David se insolvente boedel ontvang.

Verlang

a Bepaal die bedrag ontvang is.

b Bepaal die bedrag waarmee David se rekening sal verminder.

Oplossing

a Die bedrag ontvang is R160

b Die bedrag waarmee die rekening afneem is R400.

Totale skuld	=	100%	=	100/60 x 240	400
Bedrag ontvang	=	40%	=	40/60 x 240	160
Kredietverliese	=	60%	=		240